

14 Desember

Skrifgedeelte: Galasiërs 5

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:13

Tot vryheid geroep om in liefde te dien

Een van die natuurlikste reaksies van die mens wanneer hy/sy hoor dat verlossing honderd persent die werk van God is, is om te sê: “Maar nou hoef ek nie op te hou om sonde te doen nie, want dit help in elk geval nie vir my saligheid nie.” Dan word die genade van God goedkoop gemaak en geminag. Hierdie siening het ‘n bekende Franse filosoof onder woorde gebring toe hy gesê het: “God sal vergeef, dis mos sy werk. Gaan dus maar voort met jou sonde.”

Wie so ‘n siening onderskryf, verstaan nog niks van die verlossing en vryheid in Christus nie. Teenoor hierdie siening sê vers 13 tog baie duidelik: “Moet net nie julle vryheid misbruik as ‘n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde.” Christus maak ons vry, nie om te sondig nie, maar om te dien. Om in liefde te dien.

Wanneer jy werklik in die vryheid deel wat Christus verwerf het, word jou lewe nie daardeur gekenmerk dat jy die hele tyd skuiwergate soek om sonde te bedryf nie. Nee, dan word jou lewe deur die Gees van God beheers; daarom ook die oproep in vers 16: “Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor die begeertes van julle sondige natuur nie.” God se Gees stel ons in staat om nie te swig voor die begeertes van ons sondige natuur nie en deur Hom vertoon ons ook die vrug van die Gees in toenemende mate in ons lewens.

Sing: Skrifberyming 33:1,3 Ds ASA de Bruyn (Barkly-Oos/Maclear-Elliot)